DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

5/2025 14 Februarie 2025

IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Skoolfonds
2. Atletiek
3. D6 Connect-toepassing
4. Krieket
5. Buite aktiwiteite
6. Skoonste klasse
7. Personeelverjaardae
8. Skooltye
9. Klub 100 manne-aand

"Reading is the gateway for children that makes all other learning possible."
Barack Obama

Afrikaanse idioom van die week

Harde bene kou:
Baie swaar kry of deur 'n moeilike tyd gaan.

2025 SKOOLKWARTALE

1ste: 15 Januarie – 28 Maart
2de: 8 April – 27 Junie
3de: 22 Julie – 3 Oktober
4de: 13 Oktober – 10 Desember

UIT DIE KAJUIT

Ons het verlede week Wêreld-hardopleesdag gevier en hierdie week het Diskonto boeke ons besoek. Ons gee baie aandag aan lees by die skool omdat ons die belangrikheid daarvan besef. Het u geweet? Die meerderheid kinders in Suid-Afrika lees nie op die vlak van hul ouderdom nie. Met lees bedoel ek die spoed, begrip en vlotheid daarvan. Hierdie probleem is natuurlik nie net beperk tot ons skool of Suid-Afrika nie. Ek het al met talle ander skoolhoofde en onderwysers regoor Suid-Afrika en ander wêrelddele, wat eerste wêreldlande insluit, gesels en almal ervaar dit so. Ons kan verskeie oorsake vir die probleem uitwys, maar die grootste hiervan is dat kinders soveel tyd aan selfone, rekenaartablette, rekenaars en televisie bestee dat daar al hoe minder gelees word by die huis. U kan vir uself indink hoe u as kind dalk biblioteek toe gegaan het en boeke uitgeneem het om te lees. Dink maar aan u gunstelingboekreekse wat uself as kind gelees het. Die feit van die saak is dat ons as ouers self nie meer so baie lees as vroeër nie en dus ook nie meer altyd 'n hoë premie op lees plaas nie. Ons as ouers sal lees by die huis moet aanmoedig deur vir ons kinders meer boeke te gee, uit te neem (dorps- of skoolbiblioteek) en saam met hulle elke dag 'n tyd af te staan om te lees. Dan sal ons sien dat ons kinders se werk sal verbeter betreffende spelling, skryfvaardigheid en kreatiwiteit. Want 'n kind wat sukkel om te lees, sukkel om te leer en te verstaan! Mooi naweek vir almal.

Dr. André Smith

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Skoolfonds

Baie dankie aan al ons ouers wat reeds hul skoolfonds vir die jaar betaal het. Skoolfonds vir 2025 is as volg vasgestel:

- **Graad 1 – 7:** **R13 200**
- **Graad R en RR:** **R13 500**

Ouers wat aansoek wil doen vir skoolfondskwytskelding of -verligting kan die nodige dokumente by die finansiële kantoor afhaal. Alle aansoeke moet teen 14 Februarie, tesame met die stawende dokumente, by die skool ingedien word. Ouers wat skoolfonds vooruit betaal teen einde Februarie ontvang 5%-korting op die jaar se skoolfondsrekening. Kontak Anneke Harmse vir enige navrae (sien die bankbesonderhede onder)

2. Atletiek

Tydens die PSG-atletiekbyeenkoms te Laerskool Hartenbos, waaraan 14 skole deelgeneem het, het ons atlete uitstekend gevaar en die meeste medaljes van enige skool verower. Ons het die volgende plekke behaal:

- 1ste plekke: 9
- 2de plekke: 7
- 3de plekke: 8

100% Parkies

Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.parklaerskool.co.za

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 17 Feb: Krieket vs Outeniqua
o/11 Rugbyproewe
o/12 Netbalproewe
Di, 18 Feb: Tenns vs Blanco
Wo, 19 Feb: Krieket vs Hartenbos
Interne Redenaarskompetisie
Do, 20 Feb: Atletiek: Outeniqua LS
Vr, 21 Feb: Studiemetodes – Gr.7
Eden-mini tennis
Sa, 22 Feb: Atletiek: Eden-byeenkoms

Adverteer in *Die Skippertjie*
R100 per plasing per week. Advertensies word in A4-grootte onderaan die nuusbrief geplaas. Kontak vir Anneke Harmse om die betaling te reël. Advertensies kan aan juf. Karen by 060 7212 192 gestuur word. Advertensies moet in JPEG-formaat gestuur word.

BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park Skoolfonds
Bank: First National Bank (FNB)
Rekeningnommer: 62035 761 081
Takkode: 210-314
Verwysing: Kind se naam, van en graad of toelatingsnommer

Die volgende atlete het rekords verbeter:

- Miané Schutte – 75m Hekkies
- Miguel Prins – 80m Hekkies
- Seuns aflosspan (Miguel Prins, Cruden Briesies, Aaron Baron en Janco de Villiers)

Op Saterdag, 15 Februarie vind die Mosselbaai-streekbyeenkoms plaas. Baie sterkte aan al ons atlete wat deelneem. Gee altyd 100%!

3. D6 Connect-toepassing

Om kommunikasie by die skool te verbeter is ons besig om oor te skakel na die *D6 Connect*-kommunikasiestelsel. Alle ouers en leerders word op die stelsel geregistreer sodat kommunikasie en inligting maklik deurgestuur kan word aan u as ouer. Laai asb. die toepassing *(App)* vanaf u foon of rekenaar se *Play store* af en kies Laerskool Park as u skool van keuse. Maak asb. seker dat u die korrekte skool kies.

d6 Connect
d6.co.za

Laerskool Park

4. Krieket

Uitslae van die krieketwedstryde teen Hartenbos was as volg:
o/7A wen; o/7B verloor; o/8A wen; o/8B wen; o/9A wen; o/9B wen; o/11A verloor; o/11B verloor; o/13A verloor; o/13B verloor
Die spelers het die wedstryde baie geniet en hul beste gegee.

5. Buite aktiwiteite

Dans: Baie geluk aan Mia Munro wat haar Wes-Kaap kleure verwerf en toekennings ontvang het van die *Dance Academy of South Africa* in Graad 1 klassieke ballet (A+) en Ope Tap (A+).
Amy Lombard het 'n bronsmedalje verower tydens die *Stars of the Universe* kompetisie in die afdeling *Lyrical/Contemporary/Modern*. Baie geluk!

6. Skoonste klasse kompetisie

Baie geluk aan die volgende klasse wat hierdie week se kompetisie gewen het:

- 1ste – 7K
- 2de – 5D
- 3de – 5B

100% Parkies

7. Personeelverjaardae

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 20 Februarie: Annelie van Zyl

Mag u 'n geseënde jaar beleef.

8. Skooltye

Skooltye is as volg:

- Graad RR en R: 07:30 – 12:15
- Graad 1: 07:30 – 13:00
- Graad 2, 3 en HBK: 07:30 – 13:30 (Vrydae – 13:00)
- Graad 4 – 7: 07:30 – 14:00 (Vrydae – 13:15)

9. Klub 100 Manne-aand

Klub 100 bied 'n Manne-aand aan op Saterdag, 1 Maart. Dit beloof om 'n heerlike aand van rugby gesels en kuier te wees. Tafels of enkelkaartjies kan bespreek word. Kaartjies verkoop vinnig. Spring gou voordat alle kaartjies uitverkoop is (sien die advertensie onderaan).

LAERSKOOL PARK
KLUB 100

Standard Bank

FRANS STEYN
RUAN PIENAAR

MANNE-AAND

SATERDAG, 1 MAART 2025

MOSSELBAAI STADSAAL
18:00 - 23:00
R 7 500 PER TAFEL VAN 10
OF R800 PER PERSOON
ETE EN DRANKIES INGESLUIT

VIR TAFELBESPREKINGS
KONTAK:
082 777 5250
park100@lspark.co.za

Pick your own

HANEPOOT

at only R20.00 p/kg

22 February - 2 March 2025

Grape picking times Monday - Sunday
between **10am - 4pm**

REMEMBER TO BRING:

Your own scissors, basket or container for your grapes and a hat and sunscreen.

Restaurant bookings are ESSENTIAL
Please note: No private picnics
No dogs allowed.

Car Care Clinic

MOSSEL BAY Service Centre

★★★★★ 5 STAR GRADED WORKSHOP

LET US
SERVICE, REPAIR & MAINTAIN
YOUR VEHICLE FOR YOU

: 044 124 0220 : 079 202 2415

Email: mosselbay@carcareclinic.co.za

Address: 30 A Industrie Rd, Voorbaai, Mossel Bay

RMI miwa PAYJUSTNOW Right to Repair It's your choice! Supporting Workshop

BOOKINGS CAN BE MADE ON OUR WEBSITE www.carcareclinic.co.za

Respek bou sterk verhoudings!

PARK

VOLHARD - PERSEVERE

Karakter is om die regte ding te doen, selfs as niemand kyk nie. ~ J.C. Watts

WEES WAARDE WENNERS